basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

TOERISME

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde vir VRAAG 3.1 en 3.2 tot TWEE desimale plekke af.
5. Toon ALLE berekeninge.
6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

AFDELING	ONDERWERPE	PUNTE	TYD (minute)
A	Kortvrae	40	20
B	Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valuta-verhandeling	50	50
C	Toeristebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking	50	50
D	Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme	30	30
E	Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens	30	30
	TOTAAL:	**200**	**180**

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Die rol van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is om …

A globale verblyfgraderingstandaarde daar te stel.
B internasionale riglyne oor siektevoorkoming en gesondheid te verskaf.
C reisversekeringspakkette goed te keur.
D paspoorte en reispermitte uit te reik.

1.1.2 Toeriste wat gebiede besoek waar daar 'n malaria-risiko is, moet voorsorgmaatreëls tref soos om …

A te alle tye sonlig te vermy.
B dik wintersklere te dra.
C mondelikse medikasie te neem.
D ongefiltreerde rivierwater te drink.

1.1.3 'n Algemene veiligheidsmaatreël vir toeriste wat saans uitgaan, is om …

A alleen in onbekende areas te stap.
B waardevolle items op die voorste sitplek van die voertuig te laat.
C goed verligte, besige roetes te gebruik en verlate strate te vermy.
D aanwysings wat deur hotelpersoneel gegee word, te ignoreer.

1.1.4 'n Toeris wat goedere het om te verklaar, moet na die … by doeane op 'n internasionale lughawe beweeg.

A groen kanaal
B blou kanaal
C rooi kanaal
D belastingvrye toonbank

1.1.5 Om 'n internasionale rybewys te bekom, moet 'n reisiger …

A 'n aanlyn opname voltooi en lughawefooie betaal.
B 'n aanlyn aansoek deur die Automobiel-Assosiasie (AA) se webtuiste voltooi.
C ten minste vyf jaar internasionale reiservaring hê.
D bewys van reisversekering indien.

1.1.6 Bemarkingsinisiatiewe soos Meetings Africa, Afrika se Reisindaba en Toerismemaand word deur … bestuur.

A UNESCO
B SAToerisme
C LMSA ('ACSA')
D TOMSA

1.1.7 Die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein, *Die Ontstaan van Moderne Menslike Gedrag: Die Pleistoseen-besettingsterreine van Suid-Afrika* sluit … terreine oor twee provinsies in.

A 3
B 8
C 14
D 20

1.1.8 Die hoogste berg in die wêreld is in … geleë.

A Japan
B China
C Indië
D Nepal

1.1.9 'n Faktor wat tot die sukses van 'n toeristebesienswaardigheid bydra, is …

A om genoeg sakgeld aan die toeris te voorsien.
B om fasiliteite vir toeriste met fisiese uitdagings te voorsien.
C goeie weer tydens 'n besoek aan die besienswaardigheid.
D om kennisgewings in slegs een taal te voorsien.

1.1.10 'n Bestemming geleë aan die kus van die Mediterreense See, wat by hoë-inkomste-toeriste gewild is:

A Franse Riviera
B Bahamas
C Mauritius
D Karibiese Eilande

1.1.11 Die hoofdoel van 'n gedragskode by 'n toerismewerksplek is om …

A personeel se salarisse deur middel van gestruktureerde prestasietoekennings te verhoog.
B 'n oorsig oor verwagte optrede en leiding te gee aan personeel wat voor etiese kwessies te staan kom.
C die aantal werkspleksregulasies wat deur die Wet vereis word, te verminder.
D alle bestaande organisatoriese beleide te vervang.

1.1.12 Die term wat korporatiewe maatskaplike belegging (KMB) in toerisme die BESTE beskryf:

A Bied afslag op hotelkamers om wins te verhoog
B Borg slegs geleenthede wat toerismemaatskappye bevorder
C Befondsing van aktiwiteite uitsluitlik vir internasionale toeriste
D Verskaf finansiële of nie-finansiële ondersteuning aan gemeenskapsprojekte

1.1.13 Verantwoordelike toeriste is reisigers wat …

A gedurende hulle reis so min geld as moontlik spandeer.
B hoofsaaklik op persoonlike gerief fokus wanneer hulle reis.
C maatskaplike, ekonomiese en omgewingsinvloede van hulle optrede in ag neem.
D verwag dat bestemmings ten volle by hulle persoonlike voorkeure sal aanpas.

1.1.14 'n Omgewingsriglyn in 'n gedragskode vir toeriste sal van toeriste verwag om …

A altyd luukse geriewe te vereis, ten spyte van waterverbruik.
B die ondersteuning van enige bewaringsverwante inisiatiewe te vermy.
C afval te verminder en natuurlike omgewings te beskerm.
D aan te dring op toegang tot veldpaadjies in beskermde wildlewe-omgewings.

1.1.15 'n Toerismebesigheid kan by omgewingsbewuste besoekers aanklank vind, deur …

A enkelgebruik-plastiekware vir die gas se gerief aan te bied.
B ekovriendelike sertifisering en groen praktyke uit te lig.
C belegging in energiedoeltreffende tegnologie te verminder.
D vennootskappe met bewaringsorganisasies te vermy.

1.1.16 Klein gespesialiseerde toerismesegmente staan as …-markte bekend.

A bron
B kern
C nis
D teiken

1.1.17 'n Hotel kan sy buitelandse markaandeel vergroot deur …

A die verskeidenheid op die drankspyskaart te verklein.
B kamertariewe te verhoog.
C toegang tot die swembad en spa te beperk.
D produkte volgens internasionale voorkeure aan te pas.

1.1.18 Die prent hieronder is 'n voorbeeld van … wat die beeld van Suid-Afrika as 'n toerismebestemming negatief kan beïnvloed.



A algemene onrus
B 'n natuurramp
C 'n vliegtuigongeluk
D die Covid-19-pandemie

1.1.19 'n Voorbeeld van 'n direkte/persoonlike vorm van kliënteterugvoering wat deur 'n toerismebesigheid gebruik word:

A Terugvoeringskaart op 'n webtuiste
B Persoonlike opnames
C Opvolg-telefoonoproepe
D Kort Boodskapperdiens (KBD/'SMS')

1.1.20 Een van die voordele om die gasheer van 'n wêreldsportgebeurtenis, soos die 2026 FIFA Wêreldbekertoernooi te wees, is die …

A tydelike sluit van paaie om verkeersopeenhopings te verminder.
B opleiding van onervare skeidsregters.
C skep van direkte en indirekte werksgeleenthede.
D onwettige verkope van wedstrydkaartjies. (20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 bankaankoopkoers.

beëindiging van diens; byvoordele; aftrekkings; verlof; werksure; werksetiek; reisvoordele; grief

1.2.1 Goedgekeurde tyd weg van verantwoordelikhede vir rus, siekte, gesinsverantwoordelikhede of ander geldige redes volgens werksplekreëls

1.2.2 Voordele wat bykomend tot basiese betaling voorsien word, wat dikwels die kwaliteit van die werker se lewe verbeter, bv. 'n mediese fonds, etes of uniforms

1.2.3 Om 'n formele klagte by die werksplek in te dien as gevolg van 'n skending van 'n werker se regte

1.2.4 Die proses wat deur werkgewers gevolg word wanneer diens beëindig word, wat kennisgewingsvereistes en geldige redes insluit

1.2.5 Die verwagte tye wanneer 'n werknemer aan diens moet wees, wat reëls oor oortyd, pouses en skofreëlings insluit (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 paspoort.

1.3.1 'n Voorbeeld van universele toeganklikheid by 'n besiens-waardigheid is (opritte vir rolstoele/trappe na die badkamer).

1.3.2 'n Toeris wat die (UTK/IDL) oorsteek, sal 'n verandering in die dag en datum ervaar.

1.3.3 (Biltong/Parfuum) word as 'n verbode item beskou wanneer daar internasionaal gereis word.

1.3.4 (EFO/SWIFT) word vir internasionale betalings tussen banke gebruik.

1.3.5 Die (FTT/WGO) sertifiseer toerismebesighede wat volhoubaarheid beoefen. (5 x 1) (5)

1.4 Kies 'n ligging uit KOLOM B wat by die wêreldikoon, getoon in KOLOM A, pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 G.

KOLOM A		KOLOM B
1.4.1		A Agra B Yucatán C Jerusalem D Frankryk E Londen F Istanbul
1.4.2		
1.4.3		
1.4.4		
1.4.5		

(5 x 1) (5)

1.5 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Pas die digitale horlosies (**A**, **B**, **C**, **D**, **E** en **F**) hieronder by die stede wat in VRAAG 1.5.1 tot 1.5.5 genoem word. Skryf slegs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) en die letter (A–F) van die korrekte digitale horlosie in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.5.6 G.

LET WEL: Dagligbesparingstyd word NIE in enige van die voorbeelde hieronder beoefen NIE.

WÊRELDTYE



A	B	C
05:00	11:00	14:00
D	**E**	**F**
19:00	07:00	06:00

[Aangepas uit www.chatgpt.ai/capetownclock. Toegang op 23 Februarie 2026 verkry.]

1.5.1 Beijing (+8 of 120°O)

1.5.2 Meksikostad (-6 of 90°W)

1.5.3 New York (-5 of 75°W)

1.5.4 Moskou (+3 of 45°O)


1.5.5 Londen (0 of 0°) (5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING

VRAAG 2

Bestudeer die Wêreldtydsonekaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

G20 – SOLIDARITEIT, GELYKHEID EN VOLHOUBAARHEID	
Suid-Afrika was in November 2025 die gasheer vir die G20-Leiersberaad in Johannesburg. Afgevaardigdes uit G20-lidlande het uit verskillende dele van die wêreld gereis om hierdie belangrike wêreldgebeurtenis by te woon. Dit was die eerste G20-beraad wat op die Afrika-kontinent plaasgevind het. Die amptelike opening van die beraad was om 14:00 op 22 November 2025.	

[Bron: www.g20.gov.za]

'n Afgevaardigde uit die Verenigde Koninkryk het uit Londen na Johannesburg gereis om die amptelike openingseremonie van die beraad by te woon.

- Die afgevaardigde het om 19:00 op 20 November 2025 op 'n vlug uit Londen vertrek.
- Die duur van die vlug na Suid-Afrika was 11 uur.

2.1.1 Voltooi die sinne hieronder.

(a) Die 0°-lengtelyn staan ook as die … bekend. (2)

(b) Suid-Afrika lê … van die 0°-lengtelyn. (2)

2.1.2 Verduidelik EEN doel van die 0°-lengtelyn in wêreldtydsones. (2)

2.1.3 Die Verenigde Koninkryk het nie gedurende hierdie tydperk dagligbesparingstyd (DBT) toegepas nie.

Gee EEN rede waarom DBT nie gedurende November in die Verenigde Koninkryk toegepas is nie. (2)

2.2 2.2.1 Bereken die plaaslike tyd in Londen toe die G20-beraad amptelik in Johannesburg geopen is. (3)

2.2.2 Bereken die afgevaardigde se aankomstyd en -datum in Johannesburg. (5)

2.2.3 Dink jy dat die afgevaardigde uit die Verenigde Koninkryk betyds vir die amptelike opening van die beraad sou gewees het? (JA/NEE)

Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

2.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

REIS EIS SY TOL!



[Aangepas uit http://chatgpt.com.ai/passenger. Toegang op 10 Februarie 2026 verkry.]

2.3.1 Noem die reisverwante toestand wat die afgevaardigde ná die vlug vanaf Londen na Johannesburg ervaar het. (2)

2.3.2 Verwys na die drankie in die prent hierbo.

Gee EEN rede waarom daar aanbeveel word dat daar gedurende 'n langafstandvlug NIE te veel van hierdie drankie gedrink word NIE. (2)

2.4 2.4.1 Voltooi die sin hieronder deur die ontbrekende woord in te vul.

Suid-Afrikaanse paspoorte vir volwassenes is gewoonlik vir 'n tydperk van … jaar geldig. (2)

2.4.2 Noem EEN vereiste om 'n Suid-Afrikaanse paspoort te bekom vir aansoekers wat vir die eerste keer internasionaal gaan reis. (2)

2.5 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

G20-BERAAD 2025: AANGEPASTE DOEANEMAATREËLS*

Om die toegang en uitgang van internasionale afgevaardigdes, wat as 'Baie Belangrike Persone' (BBP'e) na die G20-beraad beskou is, glad te laat verloop, is aangepaste doeanemaatreëls by Suid-Afrika se internasionale lughawens ingestel.

Hierdie tydelike maatreëls* het die volgende ingesluit:

- Aangewese toegangs- en uitgangskanale (rye) is geskep om deur BBP-afgevaardigdes gebruik te word.
- Toegewings (Vergunnings) aan spesiale BBP-beskermingspanne was van toepassing op die dra van wapens.
- Afgevaardigdes is toegelaat om tot en met USD10 000 (of gelykwaardig) in buitelandse note na Suid-Afrika te bring, sonder om dit aan doeane te verklaar.
- Aangepaste regulasies was op die inbring van beperkte voedselitems van toepassing.

***Fiktiewe (nie ware/regte nie) maatreëls**

[Aangepas uit http://chatgpt.com.ai/. Toegang op 10 Februarie 2026 verkry.]

2.5.1 Gee EEN rede waarom aangewese toegangs- en uitgangskanale (rye) geskep is om deur BBP-afgevaardigdes gebruik te word. (2)

2.5.2 Bespreek EEN rede ELK waarom doeanemaatreëls aangepas is vir die:

(a) Dra van wapens (2)

(b) Inbring van beperkte voedselitems (2)
[32]

VRAAG 3

Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BUITELANDSE GELDEENHEDE WISSELKOERSTABEL		
GELDEENHEID	**BAK**	**BVK**
Euro	18,60	18,88
Britse pond	21,54	21,74
VS-dollar	15,80	15,99

3.1 3.1.1 Identifiseer die geldeenheid wat die sterkste teenoor die Suid-Afrikaanse rand is. (2)

3.1.2 Verduidelik die begrip *wisselkoers*. (2)

3.1.3 Verwys na die wisselkoerse vir die euro.

Bereken die verskil tussen die TWEE koerse wat deur die bank aangebied word. (2)

3.1.4 Bespreek TWEE invloede van 'n sterk rand op inkomende toerisme. (4)

3.1.5 Werkskepping is een positiewe gevolg van die vermenigvuldiger-effek.

Gee EEN ander voorbeeld van hoe die vermenigvuldigereffek 'n gemeenskap sal bevoordeel. (2)

3.2 3.2.1 'n Amerikaanse toeris het met USD10 000 in Suid-Afrika aangekom. Hy het sy geldeenheid vir Suid-Afrikaanse rand (ZAR) op die OR Tambo Internasionale Lughawe verwissel.

Bereken die bedrag wat hy in rand ontvang het. (3)

3.2.2 Die Amerikaanse toeris het ZAR12 000 oorgehad met sy terugkeer na die VSA. Hy het sy rande vir USD op die OR Tambo Internasionale Lughawe verwissel.


Bereken die bedrag wat hy in USD ontvang het. (3)
[18]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: TOERISTEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.1.1 Identifiseer ikone **A**, **B**, **C**, **D** en **E**.

Skryf slegs die letter en die naam van die ikoon neer. (5)

4.1.2 Noem EEN ikoon wat:

(a) 'n Natuurlike ikoon is (2)


(b) In Europa geleë is (2)

(c) In Asië geleë is (2)

(d) In Saoedi-Arabië geleë is (2)

4.2 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PETRA – SOVEEL MEER OM TE SIEN AS MET DIE EERSTE OOGOPSLAG!!





Die Siq –
ingang tot die stad



Die amfiteater het sitplek vir 8 000 toeskouers.

Petra beteken 'rots'. Dit staan ook as die 'Rosestad' bekend as gevolg van die pragtige rooi, pienk en oranje kleure van die sandsteen. Dit is oorspronklik in 312 v.C. gebou en het ook onder 'n ander naam, die Verlore Stad, bekend gestaan omdat 'n groot gedeelte van Petra in 1812 deur die Westerse wêreld herontdek is.

Toeriste wat Petra besoek, kan die vele graftombes en monumente ervaar. Die oorblyfsels van Petra se antieke amfiteater, dam en waterbestuurstelsel kan vandag steeds gesien word. Die strukture is met die hand uitgebeitel en oorspronklik in helder kleure geverf.

Petra is 'n groot stad wat 'n oppervlakte so groot soos 50 000 voetbalvelde dek. Dit sal 'n toeris omtrent 2–3 dae neem om die belangrikste glanspunte van Petra te besoek.

Baie buiteopnames vir rolprenttonele is by Petra verfilm, soos *The Mummy Returns*, *Indiana Jones and the Last Crusade*, *The Martian* en die lewendige-aksie-film, *Aladdin.*

Petra is 'n UNESCO-Wêrelderfenisterrein en is as een van die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld genomineer.

[Aangepas uit www.traveltalktours.com en www.jordan-reis.com]

4.2.1 Noem die land waar Petra geleë is. (2)

4.2.2 Petra is 'n gewilde ligging vir die verfilming van rolprenttonele.


Verduidelik EEN manier waarop dit tot die sukses van die besienswaardigheid bydra. (2)

4.2.3 Bespreek EEN voordeel vir Petra om 'n Wêrelderfenisterrein te wees. (2)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE PARTHENON – FEITE





Die Parthenon is tussen 447 en 432 v.C. gebou. Die oorspronklike Parthenon was die eerste struktuur wat geheel en al uit marmer in antieke Griekeland gebou is.

Deur die eeue heen is dit deur oorloë en plundery beskadig. In 1687 is groot gedeeltes van die gebou deur 'n hewige ontploffing verwoes. In daardie tyd is die Parthenon gebruik om buskruit ('gunpowder') te stoor. Opknappingswerk het in 1975 begin. Die herstelwerk gaan vandag steeds voort.

[Aangepas uit www.greektravellers.com en www.sunnyathens.com]

4.3.1 Noem die stad waar die Parthenon geleë is. (2)

4.3.2 Noem DRIE soorte toeriste wat sou belangstel om die ikoon te besoek. (3)


4.3.3 Opknappingswerk gaan voort by die Parthenon.

Verduidelik TWEE redes waarom die instandhouding en onderhoud van die Parthenon tot die sukses van hierdie besienswaardigheid kan bydra. (4)
[28]

VRAAG 5

Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

WÊRELDERFENISTERREINE IN SUID-AFRIKA



[Aangepas uit www.d-maps.com]

5.1 UNESCO is die organisasie wat verantwoordelik is vir die verklaring van Wêrelderfenisterreine.

Skryf die afkorting *UNESCO* volledig uit. (2)

5.2 Pas die beskrywings van die Wêrelderfenisterreine hieronder (VRAAG 5.2.1 tot 5.2.5) by die liggings op die kaart (**A**, **B**, **C**, **D** en **E**).

5.2.1 Hierdie berge is ryk aan geologiese geskiedenis en bevat bewyse van vroeë lewe. (2)

5.2.2 'n Krater wat die impak toon waar 'n meteoriet miljoene jare gelede die Aarde getref het (2)

5.2.3 Tuiste van die semi-nomadiese Nama-bevolking (2)

5.2.4 Hierdie terrein bied die geleentheid om Leerskilpaaie te sien en die riviermonding, wat 'n veilige hawe vir wildlewe en voëls is, te ervaar. (2)

5.2.5 Toeriste wat hierdie terrein besoek, sal aan die San-leefstyl, -tradisies en -volksoorlewerings blootgestel word. (2)

[12]

VRAAG 6

Bestudeer die logo's hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BEMARKING VAN SUID-AFRIKA	
world travel market	TBCSA TOURISM BUSINESS COUNCIL OF SOUTH AFRICA DIE LEIDENDE STEM IN TOERISME
TOMSA Tourism Marketing South Africa Voeg Waarde by Toerisme	South Africa SUID-AFRIKAANSE TOERISME

6.1 Voltooi die sin hieronder deur die ontbrekende woord neer te skryf.

'n Toerismeheffing van …% word by bydraende toerismebesighede vir die bemarking van Suid-Afrika ingesamel. (2)

6.2 Rangskik die logo's van die rolspelers in die korrekte volgorde (Stap 1 tot 4) om die befondsingsproses en bemarking van Suid-Afrika te toon.

Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.

STAPPE	NAAM VAN DIE ROLSPELER
Stap 1	
Stap 2	
Stap 3	
Stap 4	

(8)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 50

AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

VRAAG 7

7.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PROFESSIONELE BEELD	
'n Hotel se professionele beeld speel 'n belangrike rol om 'n gas se eerste indruk en algehele ervaring te vorm. Klein besonderhede dra die onderneming se standaarde en handelsmerk-identiteit oor.	
HOTEL A	**HOTEL B**
	

[Bron: www.gemini.google.com.ai/bathroomamenities.
Toegang is op 2 Januarie 2026 verkry.]

7.1.1 Gee EEN woord vir die items wat in die prente hierbo getoon word. (2)

7.1.2 Verduidelik die betekenis van die begrip *professionele beeld*. (2)

7.1.3 (a) Identifiseer, in die prente hierbo, die hotel wat meer waarskynlik 'n positiewe 'eerste indruk' sal skep vir 'n gas wat by die badkamer ingaan. (2)

(b) Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 7.1.3(a). (4)

7.2 Gee DRIE redes waarom dit vir 'n hotel belangrik is om hulle logo op produkverpakking te plaas. (6)
[16]

VRAAG 8

8.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KHAYELITSHA FOOTBALL FOR HOPE-SENTRUM



Die Khayelitsha Football for Hope-sentrum is 'n gemeenskap-sport-en-leerfasiliteit in die township Khayelitsha naby Kaapstad.

Die sentrum is deur 'n korporatiewe maatskaplike inisiatief(KMI)-vennootskap ontwikkel wat aan die 2010 FIFA Wêreldbekertoernooi gekoppel was. Dit is gedoen om die lewens van plaaslike inwoners te verbeter en gebruik voetbal om jongmense bymekaar te bring.



Die sentrum verskaf 'n veilige plek waar kinders aan sport kan deelneem en programme oor onderwys en MIV-beskerming kan bywoon, terwyl die omgewing ook beskerm word. Dit leer hulle belangrike lewensvaardig-hede, soos bewustheid van gesondheid, spanwerk en respek.

Die gebou is ontwerp om omgewingsvriendelik te wees. Dit gebruik sonkrag, vang reënwater op en beskik oor natuurlike verkoeling sodat lugversorgingstelsels nie nodig is nie. Herwinde materiale is vir die konstruksie daarvan gebruik. 'n Kostuin is begin en vrugtebome is vir die gemeenskap aangeplant.

Die sentrum word steeds as 'n jeugontwikkelings- en sportfasiliteit bedryf. Met verloop van tyd kon sommige van die sportterreine egter nie meer gebruik word nie as gevolg van instandhoudingsprobleme, beperkte befondsing en uitdagings met munisipale dienste. Die aktiwiteite binne-in die sentrum gaan steeds voort. Die sentrum bly 'n belangrike hulpbron vir die gemeenskap, ten spyte van die uitdagings met die sportterreine.

[Aangepas uit www.sahistory.org.za/place/khayelitsha-township en www.brandsouthafrica.com]

8.1 Gee TWEE redes waarom die sentrum in Khayelitsha gebou is. (4)

8.2 Klassifiseer die inisiatiewe by die Khayelitsha Football for Hope-sentrum onder die drie pilare van volhoubaarheid:

8.2.1 Sonkrag

8.2.2 Jeugprogramme

8.2.3 Kostuin

8.2.4 Werksgeleenthede (4)

8.3 Gee EEN voorbeeld van 'n volhoubare praktyk, behalwe sonkrag, wat in die konstruksie van die sentrum geïmplementeer is. (2)

8.4 Na jou mening, kan die Khayelitsha Football for Hope-sentrum steeds as 'n volhoubare toerismeprojek beskou word? (JA/NEE)

Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)
[14]

TOTAAL AFDELING D: 30

AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

VRAAG 9

9.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VLOEDE BEÏNVLOED TOERISME IN DIE NASIONALE KRUGERWILDTUIN



In die middel van Januarie 2026 het hewige vloede in Suid-Afrika se noordoostelike provinsies die Nasionale Krugerwildtuin gedwing om sy hekke vir besoekers te sluit. Die vloede, wat ook die naburige Mosambiek beïnvloed het, het aansienlike skade aan infrastruktuur in die Nasionale Krugerwildtuin, Suid-Afrika se pronkstuk-park, aangerig.

Ná die hewige vloede het onmiddellike herstelwerk aan die beskadigde gebiede in die park begin. In Februarie het 'n SANParke-woordvoerder bevestig dat opknappingspogings voortgaan en dat die veiligheid van besoekers hulle hoogste prioriteit is.

[Aangepas uit https://news.mongabay.com]

9.1.1 Kies die korrekte woorde uit dié tussen hakies:

Vloede word as 'n (politieke situasie/onvoorsiene gebeurtenis) geklassifiseer. (1)


9.1.2 Noem die TWEE Suid-Afrikaanse provinsies wat in Januarie 2026 die ergste deur die vloede beïnvloed is. (2)

9.1.3 Bespreek DRIE uitdagings wat die Nasionale Krugerwildtuin as gevolg van die vloede ervaar het. (6)

9.1.4 Beveel TWEE maniere aan waarop die Nasionale Krugerwildtuin die veiligheid van besoekers tydens 'n vloed kan verseker. (4)

9.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PERSENTASIE VERSPREIDING VAN BUITELANDSE AANKOMSTE IN SUID-AFRIKA VOLGENS DOEL VAN BESOEK IN 2024



[Aangepas uit https://www.statssa.gov.za]

9.2.1 Gee TWEE redes waarom Suid-Afrika as 'n gewilde vakansiebestemming beskou word. (2)

9.2.2 Verwys na die sirkeldiagram.

Rangskik die DRIE hoofredes vir buitelandse aankomste in Suid-Afrika. (3)

9.2.3 Stel EEN manier voor waarop besoekersgetalle vir besigheids-doeleindes na Suid-Afrika verhoog kan word. (2)
[20]

VRAAG 10

10.1 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

AANRAAK ('TAP') EN BETAAL
KONTAKLOSE ELEKTRONIESE BETALINGS



[Aangepas uit http://co-pilot.com.ai/tapandgopayments. Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

10.1.1 Gee EEN voorbeeld van goedere en dienste waarvoor toeriste by 'n lewendige sportgebeurtenis kan betaal deur van hierdie betalingsmetode gebruik te maak. (2)

10.1.2 Die vorm van betaling in die prente word as veilig en beskermd beskou.

Motiveer die stelling hierbo. (2)

10.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ONTLEED POSITIEWE KLIËNTETERUGVOERING



[Aangepas uit http://co-pilot.com.ai/analysingcustomerfeedback. Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

10.2.1 Verduidelik die begrip *kliënteterugvoering.* (2)

10.2.2 Die span in die prent hierbo gebruik 'n elektroniese toestel om kliënteterugvoering te ontleed.

Gee TWEE voorbeelde van aanlyn kliënteterugvoeringsmetodes waartoe die span toegang kan verkry deur die toestel te gebruik. (4)
[10]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 200